NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 14 – Uitgawe 47
20 Januarie 2022

# Onopgeloste stres beïnvloed leierskap

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Sedert Maart 2020 beleef alle predikante en geestelike leiers ongekende uitdagings in hul bediening. Elke leier raak in hierdie tyd oorweldig, want die druk wat ons in die bediening beleef, is werklik en seisoene van stres sal plaasvind. Daarom is daar die afgelope tyd heelwat navorsing onder predikante gedoen om vas te stel wat die uitwerking van stres op hulle en hul leierskap is.**

Onlangse data uit die Barna-groep se predikantepeiling dui daarop dat Amerikaanse predikante in 'n krisis verkeer en die risiko loop om uit te brand. In 2021 alleen was daar 'n dramatiese toename in die aantal predikante wat dit oorweeg om die bediening permanent te verlaat. Byna twee uit vyf predikante, of 38%, het dit oorweeg. Dit is 9% meer as aan die begin van 2021.

Die NG Kerk het gedurende 2019 navorsing onder jong predikante, onder 40, gedoen en bevind 70% van die jong predikante wil graag vanuit hul standplase skuif. Die redes vir die ongelukkigheid wissel van roeping (35%), vergoeding/kontrak, kollegas/leierspanne, demografiese verandering, tot familie en gesinne. Volgens Barna se data het 46% van predikante onder 45 dit oorweeg om die bediening te verlaat.

Barna bestudeer al lank predikante se welstand en beoordeel selfs hul uitbrandingsrisiko in 2017 se navorsing, *The State of Pastors*. Meer onlangse data (Oktober 2021) toon dat baie predikante nie goed vaar in verskeie kategorieë van welstand nie, insluitend verhoudings, geestelik, fisies, emosioneel, beroepsgerig en finansieel. Barna definieer "gesonde" predikante as diegene wat hulself óf "uitstekend" óf "goed" op al ses welstandskategorieë meet. Tans val net 35% van Amerika se predikante in die gesonde kategorie.

*Ons het vroeë waarskuwingstekens van uitbranding onder predikante voor Covid-19 begin sien,* sê David Kinnaman, president van die Barna-groep. Ná 18 maande van die pandemie, tesame met intense gemeentelike verdeeldheid en finansiële druk, ervaar 'n kommerwekkende persentasie leraars aansienlike uitbranding, wat hulle ernstig laat oorweeg om die bediening te verlaat.

Volgens Sam Rainer van Church Answers kan onopgeloste stres kerkleierskap ruïneer. Dit kan normaalweg nederige, goedgeaarde predikante in tiranne verander. Rainer noem die volgende waarskuwingstekens:

- Wanneer elke vraag as 'n persoonlike aanval beleef word, sal paranoia predikante wegdryf van die einste mense wat hulle geroep is om te dien.
- As jy voel dat elke fout in die gemeente 'n aanklag teen jou is, benadeel die stres jou leierskap.
- Predikante probeer dikwels om elke probleem in die gemeente self op te los. Maar kerkleiers wat deur stres benadeel is, het 'n neiging om te onttrek aan die probleme wat hulle behoort te help oplos. Soms is die probleme 'n oorsaak van die stres! Onttrekking aan sleutelprobleme skep 'n bose kringloop waarin stres selfs meer opbou.
- Jesus het tyd alleen geskep om tot die Vader te bid. Predikante en kerkleiers behoort dié voorbeeld van Christus te volg. Jesus het Hom om geestelike redes afgesonder. Isolasie van ander, as 'n manier om te ontsnap, is 'n groot waarskuwingsteken.

Bogenoemde is ook in Suid-Afrika en in die Hervormde Kerk 'n krisis. Daarom is dit nou die tyd vir geloofsgemeenskappe om saam te kom en te bid vir hul predikante en ander geestelike leiers, en hulle te ondersteun sodat hulle kan voortgaan om op gesonde maniere hul gemeentes te lei. Predikante en leiers moet ook hul eie gesondheid en welstand proaktief beskerm.

Kinnaman stel dit so: *Meer as ooit het die kerk veerkragtige leiers nodig wat nederig, rats, gewortel is in gebed en wat daartoe verbind is om gesond te wees as 'n noodsaaklike aspek van effektiewe leierskap.*


**Dr Johan Bester, Pretoria Noorderlig en SGB**

## Lief en leed




Ds Piet van der Merwe

- Ons het verneem dat **ds PJ (Piet) van der Merwe** (1946-2021) onlangs oorlede is. Sy begrafnisdiens het op 6 Januarie plaasgevind. Ds Van der Merwe was lank redakteur van die *Bybelse Dagboek* en lid van die voormalige Raad vir SENTIK. Hy het die NHKA enkele jare na sy emeritaataanvaarding verlaat. Ons innige meegevoel gaan aan sy vrou, Annelize, en die res van die familie.



Oom Gawie en Yolanda Botha

- **Gawie Botha** is op 29 Desember 1916 in Uniondale gebore. Hy is in 1942 met Marie Steyn getroud. Hulle het drie kinders gehad: Ena, Jean en Yolanda. Sy dogter, Yolanda Botha, laat weet soos volg: "My pa was iemand wat die lewe geniet het en baie lief was vir die natuur. Hy het ook in sy jong dae gehou van visvang en jag. Hy was in die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria en was 'n goeie rugbyspeler vir die skool. Hy het by Yskor gewerk en het in 1977 as hoof van die hyskraanafdeling afgetree. In 1971 het hy en my ma 'n huis in Port Edward gekoop waar hulle later kom aftree het. Hulle was baie gelukkig hier. In 1997 is my ma in die ouderdom van 77 jaar oorlede en het my pa alleen agtergebly. Ek, die jongste dogter, het in 1999 my beroep as onderwyseres verlaat om na my pa te kom omsien. Dit is nou 22 jaar later, en my pa **het op 29 Desember 105 jaar oud geword**. Watter vreugde en plesier om na hom om te sien! Die Here het soveel genade aan hom gegee. Hy het al sy tweede pasaangeër en het in 2012 'n beroerte oorleef. Hy het baie woorde verloor, maar ek kan my soms gedaan lag vir nuwe woorde wat hy uitdink. Hy is 'n dierbare en liefdevolle pa, en sy drie kinders, vyf kleinkinders en vyf agterkleinkinders is baie lief vir hul oupie." **Ds Jacques Pieterse**, hul predikant, vra: "Sou oom Gawie die oudste lidmaat van die NHKA wees? Hy is die oudste lewende oudleerling van die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria."



Di Marina Kok-Pretorius en Waldo Pretorius

- **Ds RC (Marina) Kok** (Potchefstroom) en **ds PW (Waldo) Pretorius** (tot einde Desember van die Kuruman-kombinasie) is op 8 Januarie deur ds Willem Kok in die huwelik bevestig. Die egpaar gaan hulle in Potchefstroom vestig waar ds Kok-Pretorius deeltyds in Gemeente Potchefstroom werksaam is. Ds Waldo is nou beroepafwagtend. Baie geluk!

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**

| | |
|---|---|
| ○ Donderdag 20 Januarie: | Ds MJJ (Martyn) Redelinghuys (91) (emeritus) |
| ○ Vrydag 21 Januarie: | Dr J (Johan) Nel) (61) (Bloemfontein-Wes),<br>di GS (Stephen) de Beer (61) (Noordwestelike Pretoria) en<br>GC (Gerrie) Senekal (55) (Lichtenburg) |
| ○ Saterdag 22 Januarie: | Ds WJ (Willem) Slabbert (75) (emeritus) |
| ○ Sondag 23 Januarie: | Dr WC (Wouter) van Wyk (59) (Sinodaal) |
| ○ Maandag 24 Januarie: | Ds HMJ (Marius) Kramer (37) (Krugersdorp-Oos) |
| ○ Dinsdag 25 Januarie: | Di R (Riaan) Botha (52) (Lydenburg),<br>PJJ (Pierre) Kotze (72) (emeritus) en<br>A (Annieka) Pottas (28) (Montana) |
| ○ Woensdag 26 Januarie: | Di BM (Marita) Engelbrecht (50) (Komatipoort),<br>RL (Richard) van der Westhuizen (57) (Tzaneen) en<br>M (Marsulizé) van Niekerk (33) (Upington) |
| ○ Donderdag 27 Januarie: | Ds WE (Elmien) Snyman (54) (Sundra) |
| ○ Vrydag 28 Januarie: | Ds S (Sanet) van der Walt (42) (beroepafwagtend) |

## Gemeentes en bediening



Ds Zet Robberts

- **Ds ZC (Zet) Robberts** (emeritus) het die beroep na Villiers (deeltyds) aanvaar en is op 16 Januarie daar bevestig.

- Die volgende **veranderings** vir die kombinasiegemeentes **Witrivier, Sabie en Hazyview** het plaasgevind:
  - **Voorsitter van die gekombineerde Finansiële Komitee:** Oudl JJ (Jurie) Snyman, 084 803 9623 / 013 750 2259
  - **Skriba vir die kombinasie:** Oudl M (Mischa) Slabbert, 074 121 1556 / **mischa@slabbert.net.za**




- Die Kommissie van die AKV het tydens hul vergadering van 18 en 19 November 2021 besluit om **inligtingsvergaderings** te reël om **ringskommissies deeglik toe te rus** vir hul verantwoordelikhede rakende die administrasie en bestuur van kerklike aangeleenthede. Die vergaderings word soos volg ingedeel en sal via Teams plaasvind:

| RINGE | DATUMS | TYE |
|---|---|---|
| Brakpan | 14 Februarie | 17:30 tot 20:30 |
| Bronkhorstspruit | | |
| Germiston | | |
| Laeveld | | |
| Middelburg | | |
| Zuurfontein | | |
| Bothaville | 15 Februarie | 17:30 tot 20:30 |
| Chrissiesmeer | | |
| Heidelberg | | |
| Heilbron | | |
| Noordelike Natal | | |
| Trichardtsfontein | | |
| Vereeniging | | |
| Johannesburg | 16 Februarie | 17:30 tot 20:30 |
| Krugersdorp | | |
| Losberg | | |
| Magalies | | |
| Potchefstroom | | |
| Pretoria | | |
| Pretoria-Wes | | |
| Roodepoort | | |
| Bloemfontein | 17 Februarie | 17:30 tot 20:30 |
| Dorsland | | |
| Oos-Kaapland | | |
| Noord-Kaapland | | |
| Pietermaritzburg | | |
| Swellendam | | |
| Wes-Kaapland | | |
| Klerksdorp | 18 Februarie | 14:30 tot 17:30 |
| Krokodilrivier | | |
| Maquassi | | |
| Noordelike Bosveld | | |
| Rustenburg | | |
| Zeerust | | |

Die Teams-skakel wat gevolg kan word om in te skakel by die vergaderings, is soos volg:

**https://teams.microsoft.com/l/meetup-join/19%3ameeting_NmlyNDhhNjMtZTE3NS00ZmQ4LThmODEtYzBiMjAzZGMzYTA4%40thread.v2/0?context=%7b%22Tid%22%3a%227038b565-ddf1-42c5-8877-599c22f69a46%22%2c%22Oid%22%3a%2290ef5c1d-2fb5-4f59-9033-3ce9baf04a77%22%7d**

- Die finale datums vir die **73ste AKV** is **30 September tot 4 Oktober 2022**. Waar moontlik, kan gemeentes die datums op die amptelike Kerkkalender verander – dit is daar nog aangedui as 2-8 Oktober 2022.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Goudveld.** Aansoeke word ingewag van ’n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 25-30 jaar, vir **Gemeente Goudveld (en Gemeente Kroonstad met kontrakverbinding)** wat op 1 Januarie 2022 vakant geraak het.

  **Gemeenteprofiele: Gemeente Goudveld** is een van twee Hervormde gemeentes in Welkom in die ring van Bothaville. Die gemeente is in 2010 gestig en het tans ’n sieletal van ongeveer 250. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met die grootste aantal lidmate in die groep bo 40 jaar. Die gemeente beskik oor ’n doelmatige kompleks bestaande uit ’n kerkgebou, saal met kombuis, en kerkkantoor. Die gemeente is bekend vir luisterryke eredienste, warm gemeentesang en uitreik na mekaar en die gemeenskap.

  **Gemeente Kroonstad** is die enigste Hervormde gemeente in Kroonstad in die ring van Bothaville. Die gemeente is in 1947 gestig en het tans ’n sieletal van 68, waarvan 38 aktief betrokke is in die gemeente en gemeenskap. Die gemeente beskik oor ’n doelmatige kompleks bestaande uit ’n kerkgebou en saal met kombuis. Die gemeente word gekenmerk deur lidmate wat met deernis na mekaar omsien.

  **Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van ’n passievolle verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Gees-vervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Moet verkieslik in die ouderdomsgroep 25 tot 30 val of so na moontlik daaraan. Moet die bediening in die gemeente dinamies maar Skrifgetrou en verstaanbaar vir alle ouderdomsgroepe kan hanteer. Moet vernuwend en sinvol met die liturgie in die eredienste omgaan. Moet ’n aanvoeling vir gemeentesang asook musiek in eredienste hê. Moet sinvol as deel van ’n bestuurspan kan funksioneer. Daar kan van die aansoeker verwag word om tydens die gemeente se vakante tydperk ’n erediens in die gemeente teen die normale vergoeding waar te neem.

  **Posbeskrywing:** Dit is ’n deeltydse, vyfsewendes-werkruimte met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf. Gemeente Goudveld sowel as Gemeente Kroonstad word bedien. Vergoeding, reiskoste, mediese fonds en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale en die Kerkorde se voorskrifte hanteer word met inagneming van die leraar se aantal jare diens.

  **Aansoeke sluit op 30 Januarie 2022**. Aansoeke moet vergesel wees van ’n verkorte CV en gestuur word aan die Sekretariële Beampte, **welkomnedherv@gmail.com**. Meer inligting kan bekom word van Lydia McIntyre (079 493 2014). Die Kerkraad behou die reg voor om, indien so besluit, nie een van die aansoekers te beroep nie, of ’n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om ’n CV aan die Kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

## Vergaderings

- Donderdag 20 Januarie: ADV-webinaar afskop vir 9de ADV
- Maandag 24 Januarie: Beleggingskomitee
- Woensdag 26 Januarie: DPS en Plesion Finkom
- Donderdag 27 Januarie: ADV Dagbestuur

## Kerklike publikasies

- Neem asseblief kennis dat die **pryse van die Bybels** wat by die Sinodale Boekwinkel beskikbaar is, **met ingang van 1 Februarie styg**. Kontak mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za** in hierdie verband.




## 'n Gedig

**laaste taal**

die skandering, sê die neuroloog,
wys tussen swart embolie-spikkels
is bykans alle taal uitgewis

net die mees essensiële bly oor

my ma sê
my kind

só sê sy:

my
liewe
liewe
kind

dis al wat sy nog sê

**Susan Smith**
(Uit: *in die afwesigheid van sin*, 2012)

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Gemeente Philadelphia: Eerstejaars-afskopkamp**
  **Vir alle studente wat in Pretoria studeer**
  **Datum: 30 Januarie tot 5 Februarie**
  Plek: Warthog Inn (buite Brits)
  Koste: R890
  E-pos: **eerstejaarsafskopkamp@gmail.com**
  Kontak: Dr Sanrie de Beer 083 226 1866 / Ds Martin Slabbert 082 655 4787

- **Gemeente Potchefstroom-Studente** wil graag kontak maak met al die eerstejaars wat in 2022 in Potchefstroom kom studeer en meer inligting aan hulle deurgee. Ons wil kontak hou deur WhatsApp-boodskappe, ensovoorts. Voltooi asseblief die inligtingsvorm by **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Stellenbosch** versoek alle voornemende studente aan die Universiteit van Stellenbosch om jul inligting aan die gemeente te verskaf. Ons sal graag daarvan wil kennis neem. Kontak dr Chris le Roux by 079 495 3239, of **stellenbosch@nhk.co.za**.

## Barmhartigheid

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
  Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
  Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
  Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544
  **Seniordalpta@gmail.com**



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## ’n Wens vir dié wat treur

**Onderweg met smart**

Haas jou nie as droefheid jou vergesel –
dit verbeter nie die reis nie.

Loop stadig, rus gereeld:
Haas jou nie as jy reis met smart.

Moenie ontstig word deur herinneringe nie –
hulle kom spontaan.
Vergewe gou;
laat Christus die ongesproke woorde namens jou sê.
Onafgehandelde gesprekke
sal in Hom voleinding vind.
Moenie besorg wees nie.

Werk sag met die mens wat onderweg is met smart.
As dit jy is, werk sag met jouself.
Vergewe gou;
loop stadig, rus dikwels.

Haas jou nie, werk sagkens
terwyl jy reis met smart.

(Northumbria Community Trust)

(Afrikaanse verwerking:
Tessa Oppermann)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk